Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

**VERSLAG RAKENDE DIE SAKE VAN DIE SORGVERSKAFFER VIR DIE PERIODE 1 MAART 2023 TOT 29 FEBRUARIE 2024**

Die verslag is voorberei vir die inligting van lede van die Bestuursvereniging ingevolge Klousule 33(1)(k) van die Grondwet.

Klousule 48(2) van die Grondwet bepaal dat direkteure van die Sorgverskaffer (OWOBV (Edms.) Bpk.) trustees van die Bestuursvereniging moet wees.

Die volgende trustees dien as direkteure op datum van hierdie verslag vir 'n onbepaalde termyn ingevolge Artikel 68(1) van die Maatskappyewet (Wet Nr. 71 van 2008):

Mnr. Hennie Hurter
Mnr. Chris Heyns
Mnr. Bruno Wehrle
Mnr. Ferdie van der Merwe
Mnr. Frits Vleggaar

Die direkteure vergader maandeliks in die week voor die trusteevergaderings. Afskrifte van die notules, finansiële maandstate, balansstate en debiteureverslae word by die vergaderings van die Raad van Trustees ter tafel gelê.

Die verslagperiode was die sewende volle finansiële jaar in werking onder die bestuur van Me Ina Prevedello, bygestaan deur haar goed opgeleide personeelkorps.

Die multi-dissiplinêre span is saamgestel uit:

- Matrone Ina Prevedello – Verpleegbestuurder
- Dr. Theresa Swart – Mediese praktisyn met nagraadse opleiding in palliatiewe versorging.
- Dr. Mariaan Kühn – Mediese praktisyn
- Dr. Marilize Vlok – Mediese praktisyn
- Me. Edna Lampbrechts – Maatskaplike Werker
- Me. Lindie Uys – Arbeidsterapeut
- Senior Geregistreerde Verpleegsters by die Sorgsentrum

Die span voer gereelde besprekings, persoonlik of by wyse van hul WhatsApp-groep.

Die geouditeerde finansiële state vir die verslagperiode, sal aan lede gesirkuleer word vir oorweging by die Algemene Jaarvergadering.

**Resultaat vir die jaar tot 29 Februarie 2024**

1. **Inkomste:** Bedra R7 856 220 vir die jaar, 2,69% meer as begroting. Die bedbesetting van die Sorgsentrum was bevredigend

2. **Uitgawes:** Dit het R8 635 655 bedra vir die jaar, 1,03% meer as begroting.

   Salarisse: Kontrakverpleging se koste was meer as die bedrag wat daarvoor begroot was, maar netto op begroting was binne begroting.

3. **Netto Bedryfstekort:** Die netto Bedryfstekort vir die jaar het R779 435 beloop.

4. **Fondse:** Die lening van Oude Westhof Bestuursvereniging het verminder tot 'n balans op jaareinde van R1 373 548.

## BEGROTING 2024-2025

Hoewel die begrote inkomste met meer as R853 824 in vergelyking met die vorige finansiële jaar sal styg, is 'n netto-verlies van R1 819 077 onafwendbaar. Dit is te wyte aan die feit dat R944 244 ingesluit is by onderhoud in die begroting vir die opgradering van die badkamers, soos hierna verduidelik word.

Sewe (7) hulpsorgwoonstelle wat in die vooruitsig gestel was, is voltooi. Vyf (5) is verkoop en in die 2023-2024 boekjaar oor verslag gedoen. Die oorblywende twee (2) eenhede is nog nie verkoop nie en word tans as addisionele akkommodasie vir die Sorgsentrum gebruik. Die Direksie huldig egter 'n sterk mening dat twee-en-twintig (22) badkamers na bykans vier-en-twingtig (24) jaar se gebruik, sonder enige opgradering daarvan, opgegradeer moet word.

Fondse is verkry deur een (1) van die hulpsorgwoonstelle vir 'n alles insluitende bedrag van R1 850 000 te verkoop. Na betaling van 'n intreeheffing van R185 000 aan die Bestuursvereniging, BTW en agentekommissie, is 'n bedrag van R1 397 152 beskikbaar om die badkamerprojek te befonds.

## ALGEMEEN

Die Maatskaplike Werker en Arbeidsterapeut is steeds in diens op 'n uurtarief. Hulle lewer nie alleenlik diens aan die inwoners nie, maar is ook deurlopend behulpsaam met die opleiding van personeel in hul onderskeie vakgebiede.

Ten slotte wens die Direksie sy dank en waardering aan die Verpleegbestuurder en haar personeel oor te dra vir die lojaliteit en toewyding wat hul deurgaans openbaar in die uitvoering van hul pligte.

Aan mnr. Gerhard van der Merwe, die Maatskappy-Sekretaris, ons opregte dank en waardering vir die wyse waarop hy te alle tye beskikbaar is om behulpsaam en tot diens van die Sorgsentrum te wees.

**HW HURTER**
**VOORSITTER: RAAD VAN DIREKTEURE**
**12 JUNIE 2024**